# RESENSIES

## BYBELWETENSKAPPE:

J Becker (Galate); U Luz (Kolossense), *Die Briefe an die Galater, Epheser und Kolosser* (Das Neue Testament Deutsch Band 8/1), Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen 1998. 244 bladsye. Prys onbekend.

Die NTD-reeks is bekend in Suid-Afrika as 'n kommentaarreeks van goeie kwaliteit. Die kommentare is nie oordrewe in inligting of volume nie, soos gesien kan word aan hierdie boek (244 bladsye vir Efesiërs, Kolossense en Galasiërs).

In hierdie band (8/1) het twee van die swaargewigte in die Nuwe Testamentiese wetenskap saamgespan. Becker was verantwoordelik vir Galasiërs en Luz vir Efesiërs en Kolossense. Die kommentaar volg die patroon van tradisionele kommentariëring. Daar is 'n inleiding waarin al die tradisionele "inleidingsvraagstukke" behandel word. Die verklaarders het hier natuurlik hulle eie voorkeure gevestig wat die raamwerk bied vir die verklaring van die betrokke brief. Daarna volg die vers-vir-vers verklarings met enkele ekskursies tussenin. Die kommentaar word van vertalings van die Bybelteks voorsien en 'n (te) kort literatuurlys word ook verskaf.

Becker se hantering van Galasiërs fokus onder andere op die briefstyl en retoriek ten einde die funksies van Paulus se argumentasie bloot te lê. So slaag hy daarin om van sommige dele 'n meer "toeganklike" uiteensetting te gee. Ek het Becker se kommentariëring solied gevind. Hy tree nie vreeslik in gesprek met ander teoloë nie, maar fokus op die uitleg van die teks self. Hy probeer ook telkens om na ander gedeeltes in die Nuwe Testament te verwys ten einde die intertekstualiteit asook die verwantskap tussen die verskillende idees te illustreer. Becker se kommentaar is bruikbaar en omdat dit so kompak is en nie te lank is nie, is dit vir dominees geskik.

Met Efesiërs en Kolossense was ek so 'n bietjie teleurgesteld. Die rede is nie omdat die kommentaar sleg is nie. Dit is eerder omdat ek soveel meer van Luz verwag het. Met sy werk op Matteus het hy 'n standaard gestel wat in alle opsigte bewonder kan word. Daarom vertoon hierdie stuk werk van hom maar vaal in vergelyking met Matteus. Van die probleme wat aangevoel is, is dat hy heel dikwels ongemotiveerde aannames maak, byvoorbeeld as hy die "briefingang" van 1:2-5 laat strek of as hy die betekenis van sekere woorde net postuleer. In die kommentering van

Kolossense is dit belangrik om woord-definisies duidelik te maak, aangesien dit die aard van die boek asook die interpretasie van sekere dele bepalend kon beïnvloed. Hy sê wel dat die boek nie gnosties is nie, wat darem bepaalde rigting aan die interpretasie gee. Hy tree ook nie eintlik in gesprek met vakgenote of ander opinies nie. Ter verdediging sou gesê kon word dat hierdie kommentaarreeks nie daarvoor vra nie.

Die opmerkings moet 'n mens egter nie negatief stem nie. 'n "gemiddelde Luz" is nog die moeite werd. Hy sien Efesiërs byvoorbeeld nie as 'n brief oor die kerk nie, maar as 'n gebedsbrief waarin God se handelinge geloof word. Dit kyk en dink terug aan Paulus se werk om die heidene en die Jode bymekaar te bring. Etiese vraagstukke is ook vir hom belangrik. Hierdie benadering maak interessante leesstof.

Hierdie is dus 'n kommentaar wat ek kan aanbeveel vir dominees en studente wat 'n vinnige maar tog goeie oriëntering oor die drie briewe verlang.

J G van der Watt

P H Coetzee & A P J Roux, *The African Philosophy Reader*, Routledge, London & New York 1998. 467 bladsye. Prys onbekend.

Die hermeneutiese uitdaging word al hoe groter om die Bybel in, vir en saam met Afrika te lees. Dit kan gesien word aan die toenemende belangstelling en navorsing op die gebied. Die uitgelese *Studiorum Novi Testamenti Societas* (die internasionale vakvereniging vir Nuwe Testamentici) het ook in Augustus 1999 'n hoëprofiel kongres gehou om aandag te gee aan hierdie saak.

Die reaksieteologieë (Teologie van revolusie, bevryding, ens) het in Suid-Afrika momentum verloor ten gunste van Afrika-teologie wat 'n sinvolle hermeneutiese "paring" probeer bewerkstellig tussen die simboliese universum van die Afrika-mens en die simboliese universum wat in die Bybel aangebied word. Die taak word kompleks vanweë twee belangrike sake (i) Die akademiese teologiese nadenke in Suid-Afrika is grootliks Westers georiënteer. 'n Mens vind relatief min oorweging van vraagstellings wat tipies van Afrika is; (ii) Daar is 'n leemte ten opsigte van die beskikbaarheid van navorsing in die Afrika filosofie en denke wat op dieselfde "golflengte" funksioneer as die vraagstellings wat in die Bybelse teologie hanteer word.

Met watter genot het ek dus nie "The African Philosophy Reader" gelees nie! Hier vind 'n mens 'n omvangryke behandeling van die denke binne en deur Afrika. Jy word begelei deur kulturele konsepte, waar die

artikel van Steve Biko insiggewend vir die Afrikanisering van die teologie in Afrika is. Binne die grense van die groep en solidariteit moet beweeg word. Dan word die leser verder begelei deur die tendense van "Afrika-denke". Vir die teoloog 'n uiters belangrike hoofstuk is die bespreking van die persoon in Afrika-denke (sien die artikel van Kaphagawani, asook later die van Gyekye). Die hoofstuk (6) oor die moraliteit in Afrika is vir die teoloog van groot waarde. Die Bybel fokus juis op die gedrag van die mens. Die gedrag is die uitvloeisel van bepaalde waardesisteme wat gehandhaaf word. Om gedrag te verstaan moet die waardesisteme verstaan word. P H Coetzee se artikel (in hoofstuk 6) in die verband onderstreep dat die moraliteit in Afrika vanuit die gemeenskap groei. Daar lê die normatiwiteit gevestig. In die teologie lê die vertrekpunt vir normatiwiteit natuurlik in God wat dit deur sy wil (wet) in die gemeenskap vestig. Tog is daar 'n mate van ooreenstemming as onthou word dat gelowiges ook binne 'n gemeenskap (die familie van God) ingetrek word. Die uitdaging is dus om hermeneuties verantwoord hierdie twee vertrekpunte in gesprek met mekaar te plaas sodat daar nie verwydering kom nie, maar die gesprek verdiep.

Die hoofstuk oor die politieke selfdefinisie het my nie soveel geïnteresseer nie, maar is beslis 'n gesprekpunt onder sekere teoloë. Dit is byvoorbeeld 'n geïdentifiseerde tema vir ondersoek by die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Vir etlike jare nog sal die verdiskontering van die politiek binne teologiese raamwerk belangrik bly.

Die kwaliteit van die bydraes is deurgaans goed. Natuurlik het almal nie ewe groot indruk gemaak nie. Hier en daar het ek die gevoel gekry van iemand wat nog graag in Europa wil sit en dink. Dit is nie totaal negatief nie, want Afrika kan nie sonder die res van die akademiese wêreld nie. Maar Afrika moet outentiek Afrika word, wees en bly. Dit het ek in die boek gekry en juis dit het my moed gegee. As teoloog wil ek nie te veel in inhoudelike gesprek gaan met die skrywers nie. Ek het liewer die genot gesmaak om aan hulle voete te sit en leer. Die boek het my gehelp om Afrika en sy mense beter te verstaan, maar ook die hermeneutiese uitdagings wat die teologie in die gesig staar, beter te kan waardeer.

Ek het ook gehou van die inleidende artikels aan die begin van elke hoofstuk. Dit het vir basiese oriëntering gesorg. Die tegniese versorging is baie goed en die boek lyk mooi.

My indruk van die boek? Bravo! Geluk aan die uitgewer Routledge en die redakteure. Ek dink hierdie boek moet gelees word deur elke teoloog wat belangstel om teologie in en vir Afrika te beoefen.

J G van der Watt

W R Farmer (Ed), S McEvenue, A J Levoratti, D L Dungan (Ass Eds), *The International Bible Commentary. A Catholic and Ecumenical Commentary for the Twenty-First Century,* Collegeville, Minnesota 1998. 1918 bladsye. Prys onbekend.

'n Eenvolume Bybelkommentaar en nog baie meer is wat die Bybelleser kry wanneer hy hierdie *magnus opus* ter hand neem.

Ongeveer honderd en twintig spesialiste en medewerkers het meegedoen aan die totstandkoming van hierdie Bybelkommentaar. Die boek is bedoel as "an internasional and catholic commentary". Skrywers vanuit Suid-Amerika, Europa, Afrika, Noord Amerika, Indië, Asië en die Fillipyne, wat almal tot die Katolieke tradisie behoort, het bydraes gelewer. Dit beteken dat daar oor die algemeen 'n baie hoë standaard in die kwaliteit van die onderskeie "Bybelkommentare" en ander artikels te sien is.

Met soveel uiteenlopende perspektiewe is dit egter verstaanbaar dat daar nie 'n univorme styl en perspektief in die oordrag van stof kan bestaan nie. Bydraes is dus onderskeidelik. Een van die boek se vernaamste winspunte is egter die multi-perspektiwiese karakter daarvan vanweë die multikontinentale herkoms van die insette.

Die kommentaar is bedoel as "a guide for reading the Bible". Die leser word instaat gestel om onder begeleiding van hierdie boek die Bybellees-ervaring te geniet wanneer die betekenis van die antieke Bybeltekste in die leesproses by sy lewe van vandag uitkom. Dit beteken nie dat die Bybelkommentaar as resep vir die hedendaagse gelowige opgedis word nie. Vir die moderne leser word die nodige inligting oor die wêreld agter die teks gegee. Dit is bedoel om die proses van Bybellees te begelei. Die leser word deur die oogmerk van die kommentaar gedwing om Bybeltekste ten minste twee keer te lees.

Iemand wat 'n intensief gefokusde studie op elke Bybelteks asook die addisionele artikels verwag, soek verniet. Hierdie is nie 'n Bybelse woordeboek met volledige besprekings of verklarings oor die geskiedenis, geografie, hermeneutiek, argeologie, liturgie en talle ander interessante onderwerpe wat behandel word nie. En tog is inligting en verkarings ver van oppervlakkig af. Inteendeel. Sowel die wetenskaplikheid as die huidige stand van navorsing word hierin gereflekteer. Vir gevorderde Bybellesers en studente bied die talle bibliografieë aan die einde van aktuele artikels en Bybelboeke nie net verdere leesstof nie. Dit weerspieël ook aktuele publikasies op die betrokke onderwerp.

Die kern van die boek beslaan die toeligting en teologiese kommentaar wat sonder 'n Bybelteks op die perikope van individuele Bybelboeke

gelewer word. Deutero-kanoniese boeke word volledig hierby ingesluit. Elke Bybelboek word in twee dele verdeel: Die eerste deel (first reading) skets 'n algemene prentjie van die Bybelboek as geheel. Daarin kom sake soos die boek se agtergrond, teologiese beklemtonings, indeling en eie-aard aan die orde. Die tweede deel (second reading) kommentarieer die individuele perikope. Sodoende kan die leser die detail van elke Bybelboek in die boustene van elke perikoop ontdek.

Tussen die Bybelboeke deur duik daar male sonder tal artikels op waarin groter literêre eenhede met hul kenmerke en teologiese beklemtonings bespreek word. By die Ou Testament bestaan daar inleidingsartikels op byvoorbeeld die Pentateug, Eksodus, Deuteronomistiese Geskiedenis, die Kronistiese korpus, Wysheid, Profetisme en profete, Klein profete en die Apokaliptiek. Rondom die Nuwe Testament bestaan talryke byvoegings. Voorbeelde sluit in: die term "evangelie", die *genre* van "evangelies", sinoptiese probleem, portret van Lukas, briewe en pastorale briewe. Sleutelwoorde, begrippe en temas word op so 'n manier ontsluit.

Hierdie Bybelkommentaar word in die eerste driehonderd bladsye ingelei deur "general articles" en "selected pastoral concerns". Onder die algemene artikels word die krag en interpretasie van die Bybel onder die loep geneem. Veral die geskiedenis van Bybelse interpretasie word belig. Die krag van die Bybel in die liturgie, prediking, charismatiese beweging asook gebed in Afrika word uitborduur. Dit loop uit op die vraag oor hoe die Bybel totstand gekom het. Die geskiedenis rondom die Bybelteks se oorlewering, betroubaarheid en tekskritiek kry derhalwe aandag. Ook die argeologie, kanon en die figure van die Nuwe Testament, Jesus, Paulus en Petrus spring nie individuele bespreking vry nie.

Onder "pastoral concerns" word die Bybel gekontekstualiseer en verinheems. Temas soos bevryding, vroue perspektiewe, familie, geregtigheid, arbeid, armoede, geweld, ekumene, anti-semitisme, akkulturasie, ekologie, die staat en nasionalisme is aan die orde. Hier vat die Bybel grond. Probleme uit verskillende wêrelddele word deur die penne van medewerkers duidelik sigbaar. Sodoende word die globale problematiek rondom Bybelinterpretasie en Bybelaktualisering sigbaar.

Die Bybelkommentaar sluit af met pastorale riglyne vir die gebruik van die Bybel in die prediking asook 'n aantal kaarte wat die geografiese verstaan van die Bybellande en -gebeure vergemaklik. 'n Kaartindeks aan die einde bied 'n lesersvriendelikheid om plekke en plekname maklik in die kommentaar op te spoor.

Sonder ernstige voorbehoude kan hierdie eenvolumekommentaar aanbeveel word vir enige een wat die leeservaring van die Bybel 'n besondere

leergeleentheid wil maak. Vir voorgraadse studente van die Bybel bied hierdie groot werk vanuit katolieke geledere 'n nuwe stimulus en uitdaging. Ook vir Bybelskoolstudente word dit van harte aanbeveel.

In ons tyd waarin sowel tyd as finansies die aankoop van boeke vir die predikant se studeerkamer bepaal, is hierdie kommentaar 'n uitstekende hulpmiddel om saam met 'n meer volledige en uitgebreide Bybelkommentaar vir die pastoraat en prediking te gebruik. Vir Bybelkunde-studente en gewone gemeentelidmate maak hierdie Commentary nuwe wêrelde oop.

D J Human

R Feldmeier (Red) *Salz der Erde. Zugänge zur Berpredikt*, Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1998. 265 bladsye. Prys onbekend.

Hierdie publikasie van akademici aan die Universiteit van Bayreuth in Duitsland ontsluit die bergrede van Jesus vanuit verskillende invalshoeke. In die eerste gedeelte bied Reinhard Feldmeier 'n goeie eksegetiese analise van die bergrede aan. In hierdie verband gee hy onder andere aandag aan die historiese situasie van die eerste lesers; eiesoortige teologiese aksente van Matteus, en bepaalde norme wat in die bergrede ingebed is.

Vervolgens bekyk Wolfgang Schoberth die bergrede vanuit vanuit polities-etiese perspekief. Hy toon aan dat die bergrede alternatiewe lewensmoontlikhede, ook op politieke vlak open. Op haar beurt lees Ingrid Schoberth die bergrede vanuit pastoraal-teologiese perspektief. In haar analise vind sy 'n aantal lewensstyle in die bergrede terug wat op legitieme wyse uitdrukking aan die gelowige se Godsvertroue binne die hede kan gee.

Werner Ritter, Vera Ostermayer en Joachim Kunstmann gee vervolgens aandag aan die bergrede vanuit godsdiens-pedagogiese perspektief. In hierdie verband geniet sake soos die profiel van die moderne (Duitse) kind en jongmens; ontwikkelingsfases van die kind; die rol van die bergrede binne 'n skoolleerplan, en praktiese toepassing van die bergrede binne die ervaringshorison van die kind, aandag.

Hierdie boek bied 'n handige interdissiplinêre invalshoek tot die bergrede. Dit integreer eksegese, sistematiese teologie, praktiese teologie en godsdiens-pedagogie op 'n verantwoordelike wyse. Alhoewel dit 'n eerstewêreldse gehoor in gedagte het, bied dit tog ook belangrike inligting aan enige Afrikaanse leser van die Bybel wat bereid is om die moeite te doen om 'n Duitse publikasie deur te werk.

S J Joubert

M M Gruber, *Herrlichkeit in Schwachheit: Eine Auslegung der Apologie des Zweiten Korintherbriefs 2 Kor 2,14-6,13*, Würzburg 1998, 493 bladsye. Prys fzb 89.

Elke eksegeet wat neuralgiese paragrawe van die "apologie" wil interpreteer, sal hom of haar in die toekoms tot hierdie uitstekende, intelligente studie, wat saaklik, grondig en kompetent argumenteer, moet wend. Ten spyte van enkele swakhede en inkonsekwenthede wat teëspraak uitlok, kan die insette van die outeur nie te hoog geroem word nie. Haar werk dra daartoe by (i) om 'n bydrae tot die ontwikkeling van 'n teorie van die resepsie van die TN"K (Hebreeuse Ou Testament) in die NT te lewer, (ii) om met die uiterste eksakt-heid na die "eksegeet" Paulus in sy "eggogrot" te luister, wat met sy aktualiserende ekstrapolering van die Joodse Bybel, heeltemal in ooreen-stemming met die binne-Bybelse uitleg is, en (iii) om die eksegetiese agtergrond van sy formulerings sowel as die verankering van sy beeld-spraak in die TN"K, te belig. Voorts trek die outeur die blik weg van 'n polemiese interpretasie van die apologie en vestig die aandag op die konfliks- en versoeningsproses wat tussen Paulus en die Korinthiërs afspeel en waarin die verklarings oor versoening die pastorale hoofbedoeling van die apostel vorm. Verder neem die skryfster met behulp van skerp waarnemings, wat op 'n fyn taalgevoel berus, nuwe toegangsmoontlikhede vir bepaalde sentrale paragrawe onder die loep. Haar waarnemings sluit byvoorbeeld in: (1) Die doodsmetafoor in 2 Korintiërs 2:14 bevat die hele Paulus *in nuce*: deur die apostel, wat homself radikaal met die Gekruisigde identifiseer. demonstreer God universeel dat die kruis 'n teken van sy liefde is en dat die lyding, wat met Jesus verbind is, deur die dood op 'n groter lewe uitloop. (2) In 3:3 lê Jeremia 31:31-34 agter die metafoor waarin twee soorte harts*tafels* met mekaar vergelyk word; Jeremia 31, of die idee van die "nuwe verbond" vorm die hermeneutiese sleutel om die apostoliese diens voor te stel. (3) Die aanwending van "letter" en "Gees" (3:6) kom slegs in die heilsekonomiese perspektief van die kruis en die opstanding aan die lig. Die Gees maak lewendig vanuit die dood, wat 'n gevolg van die sonde is; Hy oorskry die wet, wat nie deur die vergifnis buite werking gestel word nie, maar waarvan die dodelike effek "opgehef" word. (4) Binne die "midrasj" 3:7-18 (met Eks 32-34 as Skrifagtergrond en met die tipologiese teenoormekaarstelling van die Mosaïese en Pauliniese diakonie) kan 'n mens die paradoksale formulering van vers 10 (in hierdie vers word die diens van Paulus [en nie van Moses nie!] as geestelike uitstraling, wat dus net in die Gees waargeneem kan word, gekarakteriseer) in ooreenstemming met die Tenakiese of Joodse tradisie

verklaar; hierdie formulering bevat geen verklarings oor die einde van die verbond met Israel nie (vgl ook v 14)! Vers 13 behandel die hoogtepunt (*télos*) - en nie die einde nie! - van Moses se diens (Israel was nie in staat om die intensiteit van die glans, wat sigself in Moses se verheerlikte gesig manifesteer, te sien nie). Vers 18, wat bestaan uit metafore, wat met mekaar verbind is en aan die Eksodustipologie ontneem is, beskryf die onbedekte blik op die heerlikheid op die gelowiges se gesigte as 'n nuwe manier waarop 'n mens die Gees binne die nuwe verbond kan beleef.

Die outeur se neiging tot oortolligheid (sy sou haar stof in minder bladsye nog beter kon uiteensit), talryke tikfoute (veral by die plasing van aksente, by die kongruensie van Griekse woorde en by die vokalisering van Hebreeuse woorde), foutiewe teksverwysings en enkele ander eiesinnighede, mag die leser nie afskrik nie - dit is die moeite werd om hierdie boek deeglik te bestudeer!

A Friedl

Jane Rowlandson (red) met verskeie ander mewewerkers, *Women Society in Greek & Roman Egypt. A sourcebook*, Cambridge: Cambridge University Press, 1998. 406 Bladsye. Prys: Sagte band: *f*16.95 (US $24.95), Harde band: *f*45.00 (US $64.95).

Klem op die vrou in die antieke tyd het in die afgelope twee of meer dekades sterk op die voorgrond getree, veral in Europa en Amerika. Sterk eensydige voorveronderstellings oor die vrou, wat haar in obskure privaatheid agter geslote deur van haar eie huis toegesluit het, het opinies gedomineer. Onderdrukking en 'n tipe "persoonlikheidsloosheid" van die vrou in antieke was 'n tipiese wyse waaroor daar oor die posisie van die vrou nagedink is. Toespitsing op die getuienis oor die vrou in die antieke het hierdie aansydige sienings egter aan die kaak gestel. Die posisie van die vrou het nie alleen gewissel volgens geografiese wisseling nie ('n "tipies Joodse" vrou uit Jerusalem was nie presies dieselfde as 'n "tipies Korintiese" vrou nie), maar was biae meer geëmansipeerd op sosiale, ekonomiese en kulturele vlak. Hoewel die bewustheid hoe langer hoe meer op die voorgrond begin tree het, word behoorlike argumentering dikwels bemoeilik vanweë die "gebrek" aan toeganklike primêre literatuur rakende vroue in die antieke tyd. In hierdie opsig vul die onderhawige boek 'n baie belangrike leemte (Hoewel dit nie vir teoloë geskryf is nie, maar die fokus in die algemeen val op vroue in Egipte oor 'n redelike lang periode van Griekse en Romeinse okkupasie), is die boek baie bruikbaar, ook vir

teologiese studie. Onder teologiese studie sluit ek Ou- en Nuwe Testament, Kerkgeskiedenis en Sistematiese Teologie in.

Die boek is deeglik gekonseptualiseer. Verskeie temas word by wyse van hoofstukke aangebied. Onder die temas tel koningskap en religie, familiesake, status en wet, ekonomiese aftiwiteite en "vrou wees". Elkeen van hierdie temas word van 'n inleiding voorsien, waarna primêre tekste aan die orde gestel word. Elke primêre teks word weer van 'n kort bespreking voorsien waardeur die betrokke primêre teks in perspektief geplaas word. Inligting soos die datering, die aard en relevansie van die betrokke teks word gegee. Elke primêre teks word ook van 'n titel voorsien wat die inhoud van die teks kort saamvat. Dit maak die boek lesersvriendelik. Daar is ook 'n baie handige bibliografie.

Hierdie boek gee 'n handige en interessante kyk na die betrokkenheid van vroue in die antieke wêreld van destyds. Enkele illustrasies en fotos met gepaardgaande beskrywings helder die tekste op. Die tekste lei die leser in in persoonlike sake soos seksuele verhoudings, verhoudings tussen getroudes, trou- en skeiprosedures, siekte, dood en begrafnis, werksooreenkomste, opvoeding, geboortes, betrokkenheid by boerdery, manipulasie van die regstelsel, godsdienstige gebruike en so meer. Daaruit kan 'n goeie indruk van die wye betrokkenheid van die vrou by die alledaagse lewe gevorm word. Haar tekortkominge blyk duidelik. Sy het nie soveel van die wet geweet nie en haar opvoeding het nie eintlik die probleem ondervang nie. Daarom moes sy van manlike hulp of haar eie vermoë tot manipulasie gebruik maak. Dit lyk of die beeld van die "swakkere vat" tog indruk op die destydse owerhede gemaak het. Fisies was sy ook nie so sterk om haar wil af te druk nie. Tog is 'n wye verskeidenheid regte wat ook eiendomsregte insluit, aan haar toegeken. Dit blyk ook dat daar diepgaande oor haar seksualiteit gereflekteer is. Daardeur het sy mag oor die man uitgeoefen, maar tog ook die nadele van menstruasie beleef.

Vanuit die perspektief van 'n teoloog meen ek dat die boek waardevol is en wel om die volgende redes: (i) Dit bied 'n kykie in die antieke Mediterreense samelewing wat om eensydige stereotipes deurbreek. Die omvang van die vrou se betrokkenheid in die destydse leefwêreld laat 'n breë idee van die lyne waarbinne daar oor die vrou gedink kan en behoort te word (ii) Die primêre tekste lei 'n mens outentiek in daardie wêreld in. Vir die versigtiger leser is daar heelwat fyner kulturele punte wat die leefwêreld van destyds fyner profileer (iii) Die inligting gaan van baie waarde wees in die debat oor die rol van die vrou. Aangesien die debat vir verskeie teologiese dissiplines van belang is, is hierdie boek ook vir teoloë 'n groot aanwins.

Hoewel daar 'n indrukwekkende hoeveelheid tekste beskikbaar gestel is, is die nadeel tog dat dit oor 'n baie lang periode strek. Die skrywers self verwys hier en daar na die kulturele en regtelike verskille tussen Egipte en Rome wat in Egipte "ontmoet" het. Dit dui op die vloeibaarheid wat daar tog was en maan tot versigtige hantering van die materiaal. In die boek kan elemente van die Egipties-Oosterse gebruike wat met elemente van die Grieks-Romeinse gebruike saamsmelt ook gesien word, wat die leser hier en daar ook 'n gevoel van die ontwikkeling van die Hellenisme gee, hoewel dit nie binne die doel van die boek lê nie.

Ek kan hierdie boek dus aanbeveel vir enigiemand, veral ook vir teoloë, wat in die sosio-kulturele ekologie van die antieke Mediterreense gebied geïnteresseerd is, veral in die nagaan van die rol, posisie en optrede van die vrou.

J G van der Watt

L Ryken, J C Wilhoit en T Longman III, *Dictionary of Biblical imagery*, Inter Varsity Press, Leicester England/Illinois (V S A), 1998. 1058 bladsye. Prys R250-00.

Wat 'n aangename boek om te lees! Ek kon dit byna nie neersit nie. Die aard van hierdie Ensiklopedie is besonders deurdat dit op die beelde in die Bybel konsentreer. "Beelde" word in die wydste sin van die woord verstaan. Daar is 'n inleiding waarin noodsaaklike definisies gegee word. Beelde, metafore, simbole en vergelykings word onderskei. Aan die hand hiervan is die temas wat bespreek word, gekies. Dit gee aanleiding tot baie interessante rubrieke. Daar is inskrywings oor sake soos "honde", "bles wees", "skoonheid", "kleure", "kneusing" en so meer. Deur na hierdie temas te kyk, kan daar gesien word waarom hierdie ensiklopedie so interessant is. Die soort materiaal kry 'n mens gewoonlik nie in teologiese ensiklopedieë nie. 'n Bybelleser lees gewoonlik "oor" hierdie inligting. In die ensiklopedie word die figuurlike betekenis of konnotasie normaalweg bespreek. Die saak word dus nie net genoem nie, maar word ook geïnterpreteer. Neem byvoorbeeld die diskussie oor "honde". Die plekke waar honde in die Bybel genoem word, word aangedui. Daar word aangetoon dat honde nie die gehoorsame huisdiere van vandag is nie, maar 'n totaal ander konnotasie in daardie wêreld gehad het. Die konnotasies asook die redes daarvoor, word bespreek. In die geval van die beeld van "aanneming", wat Paulus gebruik, word die afwesigheid van die beeld in die Ou Testament (en Joodse kultuur van daardie tyd) aangedui. Die bydrae wat

die Grieks-Romeinse kultuur in die verband gemaak het, kry dan aandag. Die wyse waarop 'n mens die beeld van aanneme behoort te verstaan, word dan bespreek.

Die skrywers dui in die inleiding aan dat die boek nie primêr vir teoloë geskryf is nie, maar vir enige gelowige wat meer van die Bybel wil weet. Tog word die materiaal nie oppervlakkig hanteer nie, inteendeel. Vaktaal word nie gebruik nie en die Engels word maklik aangebied. Tog is ek van mening dat die boek vir teoloë ook van groot waarde sal wees, aangesien hierdie ensiklopedie materiaal aanbied wat 'n mens nie maklik elders raakloop nie, maar tog meer van wil weet. 'n Negatiewe puntjie is miskien dat die sosio-kulturele agtergrond nie in al die artikels ewe sterk na vore tree nie. Dit laat die kwaliteit hier en daar wissel. Tog is die artikels deurgaans van goeie kwaliteit. Die materiaal word mooi aangebied en illustrasies maak die uitleg interessant. Goeie indekse van verse asook temas vergemaklik naslaanwerk. Die artikels is ook nie te lank nie.

Uit die resensie blyk dit dat ek baie beïndruk is met hierdie boek en kan ek dit van harte aanbeveel. Dit bevat baie lekker en leersame leesstof. 'n Mens hoef nie 'n teoloog te wees om die boek te geniet nie.

J G van der Watt

W Vosloo en F J van Rensburg (reds), *Die Bybellennium. Eenvolume-kommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing*, Christelike Uitgewersmaatskappy: Vereeniging 1999. 1902 bladsye. Prys onbekend.

Op die drumpel van die een en twintigste eeu verskyn daar 'n glanshelder lig. Dié lig is 'n uitstekende kommentaar op die Bybel. Hierdie kommentaar is anders as al die kommentare wat in die twintigste eeu in Afrikaans verskyn het. Die andersheid bestaan onder andere in die voortreflike teksanalises. Deurgaans is die kommentaar van hoë gehalte.

Poëtiese tekste stel sy eie eise aan die leser. Veral omdat van die metafore in 'n bepaalde omgewing en tyd unieke beeldings- en verbeeldingsmoontlikhede geskep het. Daar word in 'n hoë mate aan die poëtiese dele reg gedoen (byvoorbeeld Psalms en Hooglied). Deur die kommentaar kan 'n mens met nuwe oë na die poëtiese tekste kyk. Natuurlik word daar nie alles oor alle tekste gesê nie. Soms vra 'n mens 'n bietjie meer. Maar dit is nie die oogmerk van die kommentaar om alles van alles te bied nie. Ek sou talle voorbeelde van vars, insiggewende teksontledings en alternatiewe vertalingsmoontlikhede kon gee. Die leser kan dit maar self ontdek.

Wat vasstaan, is dat die kommentaar uiters toeganklik geskryf is. Die Afrikaans wat gebruik word, is vol spierkrag.

In die kommentaar gaan dit nie net om teksanalises nie. 'n Teks het ook 'n sosiale en kulturele bedding. Daarom word daar baie moeite gemaak om die teks binne sy sosio-historiese en geografiese omgewing te verduidelik. Hiermee word die teks en sy konteks vatbaar en proebaar.

Naas die uitstekende kommentaar op tekste is daar nog 'n bonus. In agt afdelings word daar op 'n boeiende manier oor sake gehandel waaroor lesers gewoonlik inligting verlang. Dit gaan oor: Die leefwêreld van die Bybel; Die boek: die Bybel; Die God van die Bybel; Die mens deur die oog van die Bybel; Ander wesens in die Bybel; God se gemeente; Die Bybel as boek van hoop en die Bybel vandag. Al hierdie artikels is van hoë gehalte en besonder toeganklik. Ek het baie plesier gehad in die opstelle oor "Die Gees van die Here in die Ou Testemant" en die "Gees van die Here in die Nuwe Testament", om maar net twee te noem. Die indeks van aktuele temas maak die kommentaar lesersvriendelik en bruikbaar.

Ek sou 'n ander onderskrif as "Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing". Die **explicatio-applicatio model** is lank reeds agterhaal (vgl Zerfass, Long, Buttrick). Dit is maar geringe kritiek.

Hierdie kommentaar is soos goud. Dit sal tot in die een en twintigste eeu skitter en kosbaar bly. Geen Afrikaanse leser behoort sonder dié kommentaar die een en twintigste eeu te betree nie. Aan die twee redakteurs en al die medewerkers 'n woord van dank en waardering vir die voortreflike kommentaar. Ook die uitgewer verdien 'n pluimpie.

C J A Vos

F Wilk, *Die Bedeutung des Jesajabuches für Paulus*, Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1998. 461 Bladsye. Prys: DM 128-00.

*Hoe* en *met watter doelwitte voor oë* benut Paulus die Jesajaboek? In welke mate bepaal dit sy apostoliese selfverstaan; sy prediking van die Christusboodskap, en sy verstaan van die rol van Israel in God se verlossingsplan? Florian Wilk stel homself ten doel om hierdie vrae in sy monografie te beantwoord.

Wilk se eerste doelwit is om te bepaal watter tekste/edisies van die Septuagint (LXX) Paulus in sy direkte aanhalings uit Jesaja benut. 'n Grondige analise van die beskikbare Septuagint tekste bring hom tot die gevolgtrekking dat Paulus deurgaans die oorspronklike Griekse LXX teks

van Jesaja benut, nie een of ander vroeg-Christelike edisie van die LXX nie. Hierna neem Wilk die Pauliniese interpretasies van Jesaja, asook gemengde sitate uit Jesaja onder die loep. Volgens hom het Paulus met hierdie sitate ten doel om sy teologiese stellings te onderskryf en geloofsuitsprake te legitimeer. Plek-plek figureer aanhalings egter bloot net as 'n element in 'n wisseling van 'n bepaalde argument.

Wilk ondersoek voorts die Jesaja-sitate binne die raamwerk van die apostel se verstaan van God se heilshandelinge. Gedeeltes soos Jesaja 28:16 (Rom 9:33; 10:11), en Jesaja 11:10a (Rom 15:12) word volgens hom deur Paulus gebruik om die raakvlak tussen God se trou aan Israel en sy heilvolle ontferming oor die heidennasies (soos vergestalt in die kruisgebeure) te beklemtoon. Paulus interpreteer, volgens Wilk, ook sy eie apostelskap in die lig van gedeeltes soos Jesaja 6:2 en 52:7, waarvolgens die "dag van heil" in die Christusgebeure in vervulling gegaan het. Paulus funksioneer sodoende as bode van God wat sy heil aan die heidene moet bekendmaak. Na 'n uitgebreide ondersoek van die rol van Israel in Paulus se Jesaja-aanhalings konkludeer Wilk dat die vervulling van God se heilsplan met Israel ten nouste met Paulus se verstaan van die Christusgebeure en die soteriologie in verband staan.

Wilk se boek is 'n akademiese kragtoer: kompleks; gedetailleerd; fassinerend. Op tipies "Duitse manier" bemoei hy hom met klein stukkies akademiese detail. Hy open nuwe insigte in terme van ons verstaan van Paulus, maar dan nie op 'n aardskuddende wyse nie. Helaas is dit te veel afgestem op 'n bepaalde navorsingstema op om die aankoop daarvan deur 'n geïnteresseerde leser te regverdig. Hierdie boek is by bedoel vir die student wat hom/haarself intensief met die tema van hierdie monografie bemoei.

S J Joubert

**PRAKTIESE TEOLOGIE:**

Johan Cilliers, *Die Uitwysing van God op die kansel*, 1998. Kaapstad: Lux Verbi. 155 pp. Prys onbekend.

Johan Cilliers beskik oor die rare vermoë om sy lesers op 'n populêre manier aan ingewikkelde dogmatiese en eksegetiese insigte bekend te stel. Daarby kry hy dit reg om krities en dialogies met sy stof om te gaan. Sy kreatiewe taalgebruik maak dit 'n lus om sy werk te lees.

Ek het dieselfde kwaliteit werk van sy nuutste boek verwag, en was nie teleurgestel nie. Hierdie boek vloei logies voort uit die beroering wat

sy vorige boek, "*Die Uitwissing van God op die kansel*", veroorsaak het. Alhoewel die skrywer hom in "*Uitwysing...*" direk verantwoord op mense se kritiek teen "*Uitwissing...*" (:7-9), val hy nie in die slaggat om 'n apologie te skryf nie. Met "*Uitwysing...*" wys hy ons inderdaad 'n beter weg. Alhoewel dit nie nodig is om "*Uitwissing...*" te lees om sy nuutste boek te verstaan nie, sal die leser wat slegs aan "*Uitwissing...*" se tafel aangesit het, die ete sonder nagereg en likeur moet afsluit. In "*Uitwysing...*" sien ons God op die kansel (:18). Ons kan ons oor Hom verwonder. Ons ontdek saam met Johan Cilliers dat preekmaak vir predikers baiemaal net 'n "moet" word, en daarmee 'n verpligte las. Johan Cilliers help ons om weer die "mag" van preekmaak te ontdek. Ek mag preek, dis God se genade aan my, daarom moet ek preek.

Die boek is nie 'n uitgewerkte homiletiek nie (:5). Na die inleidende eerste hoofstuk (oor die doel en opset van die boek), werk Cilliers die **kernstelling**, "Prediking is (a) om die onsienlike God te sien, (b) deur die bril van die Skrif, (c) met verhelderde geestesoë, (d) saam met ander 'ooggetuies' van die onsienlike God", in vier hoofstukke uit. Om die leser te help om God op die kansel te sien, gebruik die skrywer ook preek-voorbeelde en afdrukke van gepaste skilderye. Die "hulpmiddels" maak die seggingskrag van die boek meer toeganklik vir lesers van die negentigerjare. Die kernstelling sou duideliker uitgestaan het as dit in 'n donker raampie direk langs die inhoudsopgawe afgedruk was - dit sou die leser help om die "logika" van die inhoudsopgawe gouer te ontdek.

Teologies gaan Johan Cilliers uit van 'n aanhaling uit Barth oor die opvallende wysvinger van Johannes die Doper in 'n skildery van Grünewald: "Prediking... probeer sê wie en wat Jesus Christus is... Dit beteken dat predikers niks anders kan wees nie as rigtingwysers en wysende vingers (wat) volledig van homself af wegwys". Johannes die Doper se wysvinger is uiteraard 'n geldige en belangrike Nuwe Testamentiese metafoor, waarmee na belangrike aspekte van prediking gewys kan word. Cilliers verwerk hierdie metafoor in hoofstuk 5 inspirerend oor die rol van die gemeente as "ander ooggetuies" in die prediking, en kom so tot 'n aantal praktiese aanbevelings oor "preekgesprekke" (:137 v) en preekgespreksgroepe in die gemeente (ekself verkies eerder "erediensgroepe", waar lidmate groter deelname verkry aan die beplanning en verloop van die volle erediens). Bine die raamwerk van die "wysvinger"-metafoor is dit ook vir Cilliers moontlik om in hoofstuk 4 waardevolle insigte te gee oor die belangrike rol van die prediker se eie kreatiwiteit. Cilliers beweeg met hierdie hoofstukke (met behulp van Bohren se pneumatologiese insigte - kyk pp 93 ev) uit die beperkinge van die "van bo"-terminologie soos Barth

dit in die "wysvinger"-metafoor gebruik, en daarvoor het ek waardering. Ek sou egter graag wou sien dat Cilliers die intersubjektiewe aard van die gesprek rondom die prediking, en die pneumatologiese fundering van die rol van die prediker en die gemeente in die preekgebeure, nog sterker uitwerk. Die metafore van die prediker as lewende voorbeeld (dink aan Paulus wat ons aanspoor om sy voorbeeld na te volg) en die skare geloofsgetuies rondom ons (Heb 11 vers 1 tot 12 vers 3) kan ons help om minder eendimensioneel te dink oor die prediker wat van homself wegwys na Iemand anders.

Johan Cilliers is, naas sy vermoë om met die kwas te teken, ook 'n bedrewe taalkunstenaar. Hy teken aanskoulike prente van mense wat absolute waarhede op 'n delwersif uitkristalliseer (:64), 'n blinde man wat in die donker kan sien (:93), en 'n oopgesnyde konfytblik wat, reg gesien, blink in die lig van die nabye God (:43). Soms kry ek die indruk dat hy te seker wil maak dat sy leser die woordspel raaksien. "Sien" en "blind" (:93) word tussen aanhalingstekens geplaas, en "soos (!)" (:67) word met 'n uitroepteken opgesaal. Daarby is die titel van die boek by die eerste lees verwarrend. As 'n metaforiese klankspel sluit dit aan by die titel van sy vorige boek, "*Uitwissing*". Om "uit te wys", beteken egter volgens die "*Verklarende Afrikaanse Woordeboek*" (Labuschagne en Eksteen, 1993) om 'n beskuldigde aan te toon, en dit is nie naastenby in Cilliers se gedagte nie.

Die boek is netjies en professioneel versorg. Ek het slegs twee drukfoute raakgesien, naamlik op bladsy 95, 3e reël van onder, "1994" wat "1994b" moet wees, en op bladsy 148, 4e reël van onder, "dissiples", wat "dissipels" moet wees. Die teks word interessant aangebied, en die boek is stewig gebind.

Ek het dit geniet om Johan Cilliers se nuutste boek te lees. Dit het my oor my eie prediking na my binnekamer toe laat teruggaan. Terselfdertyd het dit my opgewonde gemaak om weer kansel toe te gaan. Ek het nuwe moontlikhede gesien vir die prediking in ons gemeente. Die boek is geskik om deur erediensbeplanningsgroepe in gemeentes gebruik te word, en dit is 'n uitstekende boek om as 'n geskenk aan predikante te gee.

W de Koker

P Matheson, *The rhetoric of the Reformation*, T & T Clark: Edinburgh 1998, 267 bladsye. Prys onbekend.

Teoloë het deur die eeue die Reformasie uit verskillende hoeke bekyk. Dit kan ook nie anders met só 'n magtige beweging nie. En nog steeds is studie

oor die dinamiese tyd nie uitgeput nie. Maar 'n pionierstudie is dié van Peter Matheson. Die rede hiervoor is dat hy in 'n indringende studie na die Reformasie as literêre verskynsel kyk. Hiervoor is daar soveel voor die hand liggende oorsake. Die Reformatore het soveel geskryf en gepraat. Met hulle beiteltjies het hulle die aarde geskeur. Matheson toon op 'n uinemende wyse aan hoe hulle dit gedoen het.

Die Reformatore was geskool in die Skolastiek waar die retoriek 'n belangrike sleutel was. Met dié toerusting was hulle in staat om in 'n nuwe uitdagende konteks stydgesprekke en -geskrifte die lig te laat sien. Die polemiek as literêre *genre* het in die tyd gefloreer. Dit is die eie aard van die polemiek dat dit nie net *ad rem* is nie, maar ook *ad hominem*. En verder ontlok dit reaksie. Meestal skerp en selfs venynig. Dit kan ook nie anders nie. Want die hart van 'n saak word oopgevlek. Volgens Luther se oortuiging het die prediking van God se Woord altyd "oproer" (uffrur) veroorsaak. Die militante taal kom duidelik in Luther se 1520 "best-seller", *Appeal to the German Nobility*, na vore.

Matheson toon oortuigend aan al die belangrike rolspelers, van Erasmus af tot by Luther en Loyola, 'n nuwe taal vir polemiese doeleindes geskep het. Dit kom uitnemend na vore in liedere, preke, kategismusse, dramas, pamflette. Ou simbole van sekuriteit het in duie gestort (Lindberg). Dít is in woord en daad aangetoon. Om nuwe simbole te skep was 'n stryd om mag en die waarheid. In die hart van polemiek sit stryd en propaganda. Al het die grondwoord vir polemiek toespelimg op oorlog (polemos, pello, bellum) kan dit nie net negatief en destruktief verstaan word nie. Om die waarheid te sê is daar in die Nuwe Testament talle voorbeelde van propogandistiese geskrifte. Matheson toon die nut en die waarde van polemiek helder aan. Stryd wek teenstand en waarheid is nie enkelvoudig nie. 'n Munt het twee kante! In hierdie boek gee Matheson aandag aan die Reformatoriese pamflet. 'n Pamflet voer 'n stryd om die verstand en die hart te verower. Dit was die geval in die sestiende eeuse Duitsland, in die sewentiende eeuse Engeland en Skotland. Selfs tot in die twintigste eeu was die pamflet 'n belangrike strydmiddel. 'n Pamflet het as primêre oogmerk om die lesers uit te daag om anders te dink en kragdadig op te tree. In 'n polemiese pamflet is daar 'n sterk oorredende, selfs oorrompelende aard. In die Reformatoriese pamflet is die godsdienstige en sosiale identiteit op die spel.

In die pamflet as polemiese geskrif word sekere literêre tegnieke gebruik. Satire is 'n uitnemende stylmiddel. Polemiek het ook 'n heuristiese funksie. Dit wil die leser skok en sy persepsies verander. Ons weet hoe maklik 'n persepsie kan groei en die waar aangesien word. Daar word

in 'n polemiek veral ook van die uitdagende strategie gebruik gemaak om die leser tot 'n ander keuse te oorreed. Meestal word daar vir hom gekies. Die polemiek het ook 'n bevrydende oormerke. Dit het diegene wat net oor hulle oë en monde beskik het bemagtig deur byvoorbeeld informasie en ander perspektiewe te bied. Deur die pamflet is die publieke opinie gevorm en gevoed. Sake wat onder in hierdie uitmuntende boek onder die loep geneem word, is Andreas Karlstadt as pamfletskrywer, die dialoog in die Reformasie, die taal van die Reformasie, die polemiek in die Reformasie en bemiddeling en versoening.

Peter Matheson het aan die teologie en die kerk 'n uitnemende diens gelewer om hierdie voortreflike boek oor die retoriek in die Reformasie te skryf. Wie dié boek lees, sal net plesier oorhou. Ek beveel die lees hiervan met oortuiging aan.

C J A Vos

Henk de Roest, *Communicative identity, Habermas' perspectives of discourse as a support for practical theology*, Kok: Kampen 1998. 395 bladsye. Prys onbekend.

Die invloed van die filosoof-sosioloog Jürgen Habermas op die wetenskapsteoretiese begronding van die Praktiese Teologie in die negentiger jare staan soos 'n paal bo water vas. In die werke van Heitink, Zerfass, Pieterse, Vos, Van der Ven en Dingemans is die vingerafdrukke van Habermas onmiskenbaar duidelik. Die titel van Pieterse se boek oor die inleiding tot die Praktiese Teologie, "Prakiese Teologies as kommunikatiewe handelingsteorie", verraai die invloed. Dit is egter niks om oor skaam te wees nie. Hoewel alle Praktiese Teoloë nie ewe entoesiaties oor Habermas se invloed op die Praktiese Teologie is nie, kan die waarde van sekere konsepte wat hy ontgin het vir die Praktiese Teologie nie onken word nie.

Die omvang en die diepgang van Habermas se denke is egter nog nie voorheen so voortreflik soos in die proefskrif van Henk de Roest gepeil nie. In hierdie proses ontleed De Roest die hele oevre van Habermas wat sedert 1953 gepubliseer is. Dít alleen is 'n reuse onderneming wat De Roest met onderskeiding verrig. Die keuse van die proefskrif tema as "Communicative identity" word deur De Roest deeglik beredeneer. Hy onderskei drie diskoerse in sy prakties teologiese metodologie, naamlik 'n deskriptiewe, 'n normatiewe en 'n oorsettingsdiskoers. Al drie hierdie

diskoerse het 'n empiriese, hermeneutiese en kritiese perpektief. Hierdie drie perspektiewe spruit uit Habermas se studie in 1968. De Roest wend dit op 'n selfstandige manier vir die Praktiese Teologie aan. Hy maak dit duidelik dat hy op die voetspoor van Habermas se primaat vir die kritiese komponent in denke, die kritiese aspek van die Praktiese Teologie hoog aanslaan. Verder is dit sy grondoortuiging dat die vak emansipatories moet wees. Die empiriese resultate is vir 'n geloofsgemeenskap belangrik. Met die oog hierop word daar gesoek na normatiewe riglyne vir handelinge en 'n refleksie van die wisselwerking tussen teorie en praktyk. Natuurlik is hierdie klem nie so nuut nie. Dit is al deur Zerfass, Van der Ven, Heitink, Pieterse en Dingemans onderstreep. De Roest se raamwerk bevat die drie verskillende soorte diskoerse. In hierdie opsig is die aanleun op Habermas nuttig en selfs onontbeerlik. Hoe dit presies gebeur, toon De Roest in sy voortreflike studie aan.

De Roest se grondige analise van Habermas se denke verdien alleen maar bewondering. Dít bly die voorwaarde vir die gebruik van enige model: die gebruiker moet eers lees om tot verstaan te kom. En hierin slaag De Roest uitmuntend. Die toeligting van die empiriese, hermeneutiese en ideologies-kritiese perspektiewe in die Praktiese Teologie word deur De Roest grondig gedoen. Die empiriese perspektief handel oor realiseerbaarheid; die hermeneutiese perspektief oor outensiteit en die ideologies-kritiese perspektief oor betroubaarheid.

In sy proefskrif kyk De Roest na die Praktiese Teologie as 'n teoretiese diskoers. Hy maak konsekwent gebruik van die drieslag: die empiriese, die hermeneutiese en die ideologies-kritiese perspektief. Ek deel De Roest se mening in navolging van Habermas dat 'n mens 'n in diskoers (of waar ookal) net 'n glimps van die waarheid kan begryp. 'n Mens moet net nie vergeet dat Habermas veel maak van die argumentatiewe krag in 'n diskoers nie. Dít is ook 'n manier om met waarheid om te gaan. Ek sou ook wou byvoeg dat die argument soms 'n wankelende krag het en nie altyd 'n probleemoplossende krag het nie. Waarheid kan nie "besit" word nie. Vir die Praktiese Teoloog beteken dit dat die waarheid die mens vooruit is. Hiermee stem ek saam. Ek sou wou dat De Roest dié vraagstuk ook vanuit relasionele perspektief benader. Maar in een proefskrif kan 'n man ook nie alles doen nie.

In sy toeligting van die Praktiese Teologie as normatief-praktiese diskoers, gee De Roest 'n insiggewende bespreking van Van der Ven, Browning en Dingemans se sieninge van normatiwiteit. Die vasstelling van 'n hiërargie van waardes word aan die hand van die reeds bekende drieslag op 'n oortuigende wyse gedoen. De Roest open in sy siening van Praktiese

Teologie as die brug na die praktyk, ten opsigte van die institusionalisering van die diskoers boeiende gesigspunte. In dié verband noem hy: leierskap, struktuur, doeleindes, klimaat en die konsep van identiteit. De Roest leun in die beskrywing van hierdie konsepte sterk op Jan Hendriks aan. Die kreatiewe vulling van al hierdie konsepte is onontbeerlik vir die skepping van die geloofsgemeenskap as 'n kollektiewe identiteit. In die diskoers van verandering speel die volgende persepktiewe 'n rol: die empiriese perspektief (realiseerbaarheid); die hermeneutiese perspektief (outensiteit) en die ideologies-kritiese perspektief (betroubaarheid).

Henk de Roest het met 'n uitmuntende proefskrif diens aan die Praktiese Teologie bewys. Méér nog: hy het die Praktiese Teologie 'n hele end vorentoe gehelp. Dié proefskrif moet gelees, bedink en bespreek word.

C J A Vos